BOOTVAART, NEDERLAND EN ANDRÉ RIEU-KONSERT (TOER B)

TOERPROGRAM

14 – 24 Julie 2023

Julie

Vr 14 JOHANNESBURG – DUBAI

Ons ontmoet op **14 Julie** tussen **15:00** en **16:00** by **Emirates** se inweegtoonbanke by **Terminaal A** op die O.R. Tambo-lughawe in Johannesburg. Ons vertrek om **19:10** met **Vlug EK 764** na **Dubai.**

Sa 15 DUBAI – BRUSSEL – MAASTRICHT

Ons land vanoggend, na 'n vlug van ongeveer 8 ure, om **05:25** in **Dubai** en vertrek om **08:20** met **Vlug EK 183** na **Brussel**, waar ons om **13:20** land, na 'n vlug van 7 ure. Van die lughawe af ry ons per bus na **Maastricht**, waar ons op die Rigoletto aan boord gaan. Met aankoms ontvang u u kajuitsleutel en maak u tuis in u kajuit. Daarna woon ons 'n skemerparty by waar die bootpersoneel aan ons bekend gestel word en geniet ons eerste aandete op die boot.

So 16 MAASTRICHT

Die Rigoletto lê naby die ou stad. Na ontbyt het ons vrye tyd.

Daar is baie te sien in hierdie pragtige stad – volgens oorlewering Nederland se oudste stad. Nie ver van die boot af nie, kan 'n mens busuitstappies onderneem waartydens 'n mens meer van Maastricht kan sien.

Ons het geleentheid om te gaan kyk waar Vrijthof geleë is en die stad te verken. In die straat agter Vrijthof se verhoog, is 'n André Rieu-museum en die moeite werd om te besoek. Aangesien ons vroeg môre-oggend vertrek, is vandag die enigste geleentheid vir inkopies in Maastricht.

Ná 'n vroeë aandete op die boot stap ons as 'n groep, elkeen gewapen met 'n Suid-Afrikaanse vlaggie, na Vrijthof. Die atmosfeer in die strate is gewoonlik elektries. Dis 'n belewenis om saam met duisende ander mense van oor die hele wêreld hierdie skouspel te ervaar. Rieu en sy orkes en sangers voer ons weg met die walse van Johan Strauss en die musiek van ander komponiste. Ons kuier tot net voor middernag saam met ander en keer dan in groepies terug na die boot.

Ma 17 MAASTRICHT – ANTWERPEN

Ons boot vertrek vanoggend om **02:00** na die diamantstad Antwerpen, waar ons om **14:00**: aankom.

Sowat 85% van die wêreld se ongeslypte diamante word jaarliks hier verhandel.

Met sowat 510 000 inwoners is Antwerpen België se grootste stad. Onder die besienswaardighede is die katedraal van Onze Lieve Vrouw. Dis die grootste katedraal in die Lae Lande en steeds Antwerpen se hoogste gebou. Die stad se Groot Markplein is vir verkeer gesluit en is die ideale plek om rond te stap. Antwerpen se stadsaal is aan die plein geleë.

Ons het die middag vry om die stad te verken.

Di 18 ANTWERPEN – ROTTERDAM – GORINCHEM

Die boot vertrek vanoggend om **05:00** en meer om ongeveer **14:00** in **Rotterdam** vas. Rotterdam lê benede seevlak, maar word saam met omliggende dele teen die see se vloede beskerm deur die beroemde Deltawerke. Dis 'n stelsel wat die vloede van die see se kant af beheer deur middel van 'n damwal met sluise wat oop- en toegemaak kan word. Die Deltawerke word beskou as die wêreld se agtste wonderwerk. Die boot vaar vanaand verder tot by Gorinchem waar dit oornag

Wo 19 VENLO – ROERMOND

Die boot vaar vroeg na Venlo en meer om ongeveer 13:00 vas. **Venlo** lê aan die Maasrivier, in die provinsie Limburg, naby die grens van Duitsland. Die stad het ongeveer 102 000 inwoners en is in 2003 aangewys as Europa se groenste stad. In 2012 is die Floriade, die wêreld se grootste tuinbou-uitstalling, hier aangebied.

Venlo is in 2013 as Nederland se beste middestad aangewys. Die stad se pragtige ou gewels en imposante geboue laat 'n blywende indruk. Die stadsaal op die markplein is 'n skilderagtige gebou. Vir eeue lank was die stad lid van die Hansegilde.

Ons het net genoeg tyd om die ou middestad te besoek voordat die boot om **17:00** verder vaar na Roermond en ons omstreeks **20:00** vasmeer. Ons het na aandete tyd om in die geskiedkundige ou stad te gaan stap. Roermond was ook lid van die Hansegilde. Die stad het reeds in 1231 stadsregte ontvang. Deur die eeue het die Romeine, Spanjaarde, Franse en selfs die Habsburgers om die beurt hul stempel hier afgedruk. Die stadskern is as 'n bewaringsgebied aangewys.

Do 20 ROERMOND – HINDELOPEN

Ons ontskeep ná ontbyt en reis per bus na die Ysselmeer waar ons naby Hindelopen oornag. Indien tyd dit toelaat, bring ons onderweg 'n besoek aan Utrecht, 'n pragtige en karaktervolle stad.

Ons gaan vir twee nagte tuis naby Hindelopen, van waar ons die omgewing van die Ysselmeer behoorlik kan verken.

Vr 21 HINDELOPEN EN OMGEWING

Ons spandeer tyd in Hindelopen en gaan voort om van die bekende dopies aan die Ysselmeer te besoek en verlustig ons in vissersdorpies uit vervloë dae. Ons oornag weer in die omgewing.

Sa 22 AMSTERDAM

Ons besoek vir oulaas van die romantiese dorpies aan die Ysselmeer voordat ons laatoggend na Amsterdam vertrek, sodat ons vanmiddag tyd in dié stad kan deurbring. Die toerleier sal 'n stadstoer te voet aanbied, waarna u vrye tyd sal hê om iets van die Nederlandse winkels of museums te beleef.

So 23 AMSTERDAM – DUBAI

Ná 'n vroeë ontbyt vertrek ons na Schiphol-lughawe van waar ons om **11:40** met Vlug EK 146 na Dubai vertrek. Na 'n vlug van ongeveer ses en 'n half ure, land ons om **20:15** in Dubai.

Ma 24 DUBAI – JOHANNESBURG

Ons vertrek om **04:05** met Vlug 761 en land ongeveer 8 ure later om **10:15** in Johannesburg ná 'n wonderlike vakansie.